

11  
September

NG Gemeente  
Kogelberg

2026

# Eerste Gelmi

NUUS VANUIT DIE GEMEENTE



Seisoen van die Skepping

**SONDAG 13 SEPTEMBER 2026 SE EREDIENSTE:**

**08:00**

**Kuierkerk**

Stephan Naudé

**Esegiël 47:1-12**

**09:00**

**Hangklipkerk**

Heinrich Carstens

**Esegiël 47:1-12**

**10:00**

**Kleinmondkerk**

Stephan Naudé

**Esegiël 47:1-12**



LIG | DEERNIS | HOOP



Stephan Naude  
Kuierkerk @ 08:00  
Kleinmond @ 10:00

Water wat lewe gee in oorvloed  
Esegiel 47:1-12



Lewende water...  
waar die stroom kom, sal alles lewe!

Esegiël 47:1 - 12

13 September 2026  
09:00  
Hangklipkerk  
Heinrich Carstens



Kleinmondkerk se erediens  
word op ons YouTube-kanaal  
uitgesaai.

YouTube



<https://www.youtube.com/@NGKerkKleinmond>

Seisoen van die skepping 2026



# Living Water

Season of Creation 2026

## *Immersion in Living Water*

EZEKIEL 47:9, 12

**Tema: Lewende Water**



**13 September**

Esegiël 47:1-12

**Tema:** God se water bring lewe waar  
daar dood en droogte is



**20 September**

Genesis 1:27-31

**Tema:** Ons word deel van die stroom  
van lewe en herstel





# NG Kogelberg

## Seisoen van die Skepping

13-20 September 2026



### Só kan jy betrokke raak:

**EKO-BEDIENING**



**Herwinning:** (Onthou: Refuse, Reduce, Reuse & Recycle).

Versamel plastiek propies van koeldrank-, melk-, vrugtesap- en koffiebottels asook broodsakke-knippies en plaas dit in die houe by die aanbiddingspunte. Help met die skoonmaak en aflewering daarvan. Dit word verkoop ten bate van Overberg Wheelchair Association. Ons ondersteun ook die munisipaliteit se 2-sak stelsel.

Kontak Nols Burger 082 769 3354.



**Skoonmaak-aksie:** elke maand in ons omgewing. Ons maak Kleinmond nóg mooier. Jonk en oud welkom. Hou die aankondigings en die pers dop. Kontak Patrick Esterhuizen 082 879 7145.



**Eko-jeug:** hier werk ons veral saam met die Strandlopers en doen interessante projekte. Aardesorg moet by ons jeug begin! Kontak Piet Botha 083 590 3637.



**Eko-liturgie:** ons aanbid die Skepper in die skepping en fokus op spesiale geleenthede. Help met organisasie en aanbieding. Kontak Piet Botha 083 590 3637.



**Eko-WApp-groep:** wees op hoogte van eko-sake in Kleinmond en omgewing. Streng reëls geld vir hierdie groepie. Kontak Carlo van Rensburg 082 840 8148.



## Kleinmond Natuurbewaringsvereniging



- Vir enige navrae of belangstelling oor die **Natuurbewaringsvereniging** (Kleinmond Natuur): kapgroep, voëlkyk, Mimetispark, plankiespad se herstel of fynbos uitstallings. Stuur asb epos aan:

✉ [kleinmondnbv@gmail.com](mailto:kleinmondnbv@gmail.com)



- Kleinmond Stapklub:** Kontak Suzette Vermeulen 082 789 9214.



## Kogelberg Biosfeerreservaat



**Wildlife Rescue & Training Centre:** help met die versorging en rehabilitasie van diere. Kontak Michelle Watson 073 314 0671.



**Kogelberg Biosfeerreservaat:** Kontak Corlie Hugo 082 380 9071.



## Die Strandlopers



Die **Strandlopers** is 'n Eko-jeuggroep wat kinders van kleinsaf omgewingsbewus wil maak.



Kontak Cathy Floris 076 874 2286



of epos: [ebraimehull@gmail.com](mailto:ebraimehull@gmail.com)

*Jong mense  
vir 'n groen  
toekoms!*

# Deuroffers

Sondag 13 September

Deurkollekte  
Sondag  
13 September

Gee 'n kind  
'n kans



**Jan Kriel**  
INSTITUUT • INSTITUTE

Sondag 20 September



*Sondag 20 September se Deuroffers*

word opgeneem vir  
Sinodale Hospitaalbearbeiding



# Program vir die week

12-19 Sep 2026

## Maandag 14 September

**11:30** Preekwerksgroep (Kapel)

## Dinsdag 15 September

**09:00** Hangklip Gebedsgroep

**11:00** Gerimed Gebedsgroep

**15:00** Eiendomsbediening

**16:30** Kleinmond Gebedsgroep

**17:00** Finansies

## Woensdag 16 September

**09:00** Projektekomitee (Kerksaal)

**17:00** Dissipelskap Reisgenote  
(Hangklipkerk)

**18:00** Rusplek (Kapel)

**18:30** Dissipelskap Reisgenote  
(Kleinmondkerk)

## Donderdag 17 September

**06:00** Hangklip Mannegroep

**06:30** Kogelberg Mannegroep

**09:00** Caritas-projek (TYD-kuieruumte)

**10:00** Naaldekokers (TYD-kuieruumte)

## Sondag 13 September

**17:00**

Kogelberg Kids (Kerksaal)

Dinsdag 15 September

Erfenisdag Braaifees

*Kleinmond Bydrae-vorms moet  
by die Kantoor ingehandig  
wees.*


Eko-skoonmaakdag

Saterdag 19 September

**08:30**

So kan jy 'n finansiële bydrae maak tot ons gemeente se bedieninge:

Bankbesonderhede  
ABSA  
NG Kerk Kleinmond  
3220 150 320



# INTREKERS

by ons in die NG Gemeente Kogelberg. Kom maak asseblief 'n draai by die kerkkantoor  
of gee jou kontakbesonderhede vir een van ons dienswerkers  
of wyksouderlinge. Ons sal jou graag wil besoek!

## KERKKANTOORure

Maandag - Vrydag

10:00 - 13:00

### KONTAKBESONDERHEDE

Telefoon: 028 271 3470

E-pos: [info@ngkogelberg.co.za](mailto:info@ngkogelberg.co.za)

Whatsapp: 076 134 7157



DRAERS VAN | VERSKILMAKERS MET | AMBASSADEURS VAN  
LIG | DEERNIS | HOOP  
NG GEMEENTE KOGELBERG  
ROOIELS | PRINGLERBAAI | HANGKLIP | BETTYSBAAI | KLEINMOND | ARABELLA



So sing ons klomp van Agapé  
hartlik saam met die gedreun  
van die see in ons ore.

## Vroueharte bly uitreik na mekaar

Of dit nou rondom 'n Bybelstudietafel is – jaar in en jaar uit – of rondom 'n gebedstafel in die konsistorie van die Hangklipkerk, of saam met ons geesgenote in die VGK by 'n binne- of buitelogbyeenkoms elke maand, die feit bly staan: vroueharte in ons geloofskring reik gedurig in liefde en groeiende begrip uit na mekaar...



'n Koffie-afspraak... toe Hangklip se  
gebedsgroep nog net uit vroue bestaan het.



Mary Malgas, Esmarie van der Merwe en Agapé-voorsitter Annetjie Strever by 'n buitelug-geleentheid



Die vroue van Agapé skroom nie om in wind en weer 'n byeenkoms te hou nie



Hande vat en in 'n kring saamsing met die geruis van die see in die agtergrond is tweede natuur..\_



'n Onlangse foto van ons gevestigde vrouebybelstudiegroep. Cita Oosthuizen (regs voor) het intussen na Fynbospark getrek\_



'n Foto wat reeds jare gelede geneem is van 'n Bybelstudiegroep wat steeds weekliks vergader.

## ***"So bid ouers vir hulle kinders"***

Hemelse Vader, dankie dat U my kinders aan my toevertrou het.

Ek bring elkeen van hulle vandag voor U. Here, leer hulle om U te vrees — nie uit vrees vir straf nie, maar met 'n hart wat U liefhet.

Laat hulle lewens van Alef tot Taw, van die begin tot die einde, onder U hand wees. Gee hulle 'n hart wat reg is voor U. Maak hulle genadig, barmhartig, eerlik en vrygewig. Laat hulle mense wees wat ander help en 'n lig bring waar daar donkerte is.

Wanneer slegte nuus kom, Here, laat hulle nie bang wees nie, maar hulle harte vasmaak in U. Laat hulle weet dat U groter is as enige probleem wat hulle ooit sal ontmoet.

Beskerm hulle teen verkeerde invloede, verkeerde vriendskappe en verkeerde besluite. Gee hulle wysheid om te weet wat reg is en die moed om daarvoor te staan.

Here, laat die geloof wat ons in ons huis leef, 'n geestelike erfenis in hulle harte word. Mag hulle U ken, U liefhê en U dien — nie omdat ons hulle dwing nie, maar omdat hulle U self leer ken. Seën hulle toekoms. Bewaar hulle wanneer ek nie by hulle kan wees nie. Gaan voor hulle uit en maak hulle paaie gelyk.

En wanneer die lewe storms bring, laat hulle onthou: "Sy hart is gerus, hy vertrou op die HERE." Here, ek kan nie elke tree saam met hulle loop nie, maar U kan. Ek plaas my kinders in U hande — vandag, môre en vir die res van hulle lewe. Van Alef tot Taw. Van begin tot einde.

In die Naam van Jesus Christus.  
Amen.



# Dissipels maak dissipels

*Alle gelowiges en lidmate van ons gemeente is dissipels van Jesus wat ook as gestuurdes van Jesus ander mense sy dissipels maak. Ten einde hierdie voorreg en roeping uit te leef, moet ons mekaar bemoedig, help en toerus. Hierdie dissippelmaking en dissipel wees vir ander moet deurentyd of algaande deel wees van ons hele gelowige gemeenskap en ons doel is om elke lidmaat hiermee te help.*

*Ons gemeente het verskillende toerustingsgeleenthede soos byvoorbeeld die “Die dissipelskapreis” en “Die Plan” en die nuwe kursus “Dissipels maak dissipels” om ons te help om dissipelmakers te wees. Hierdie toerusting is aanvullend tot mekaar en is nie in kompetisie met mekaar nie. Die verskeidenheid gee lidmate die geleentheid om toegerus te word op ’n plek, tyd en lengte wat hulle omstandighede pas.*

**Doel:** Om lidmate te help om beter dissipels en dissipelmakers te wees.

**Wanneer:** Weekliks vanaf **21 September tot 7 Desember** (10 byeenkomste), vakansie uitgesluit.

**Tydsduur:** 2 ure per byeenkoms.

**Tyd:** Na-ure soos ooreengekom met die kursusgangers.

**Waar:** Die plek (**Kleinmond of Hangklip**) word bepaal deur die meerderheid kursusgangers van ’n streek.

**Koste:** R 200

**Aantal:** Beperkte aantal kursusgangers. Die kursus word waarskynlik jaarliks aangebied.

**Inskrywings:** Inskrywingsvorme beskikbaar by Ryk van Velden (082 857 4368).

**Inskrywings sluit 13 September.**

# **REGISTRASIE- EN BESTELVORM VIR DEELNEMERSWERKBOEK**

## **Dissipelmaking Opleiding: 21/09/26 tot 07/12/26**

*Hiermee die registrasie- en bestelvorm vir Deelnemerswerkboek. Die Deelnemerswerkboek is beskikbaar en word gelyktydig bestel by registrasie by die aanbieders van die kursus.*

*Ons herinner jou ook daaraan dat lidmate wat die kursus voltooi ook 'n sertifikaat ontvang.*

### **Registrasie**

*Registrasie vir die kursus en bestellings vir die Werkboek word geplaas deur onderstaande vorm volledig in te vul en te epos na Ryk van Velden [rvanvelden@hotmail.com](mailto:rvanvelden@hotmail.com). Die vorm kan ook afgelewer word by Ryk van Velden (117 5de Laan, Kleinmond).*

### **Betaling**

*Bewys van betaling moet jou bestelling vergesel. Inbetaling moet gemaak word aan: NG Kerk Kleinmond, ABSA (3220-150-320), Verwysing: Naam en Van & DMD (bv. J Smit DMD). Stuur bewys na: [admin@ngkogelberg.co.za](mailto:admin@ngkogelberg.co.za)*

*Kontantbetalings by Ryk van Velden.*

*Die koste van die kursus is R 200 en sluit die Werkboek in.*

### **DISSIPELS MAAK DISSIPELS**

#### **KURSUSREGISTRASIE- EN BESTELVORM DEELNEMERSWERKBOEK**

**Naam en Van** .....

**Streek (Hangklip/Kleinmond)** .....

**E-posadres** ..... **Tel/sel** .....

**Handtekening** ..... **Datum** .....



# WITNESS MINISTRY

A Joint Ministry

- URCSA Cape Regional Synod
- DRC in South Africa
- Reformed Church in Africa

## NG Gemeente Kogelberg

**nooi jou uit na 'n gesprek met Dr Manasseh Matiquele (Rektor van Hefsiba) en Dr Daniël de Wet (Getuienisaksie van Kaapkerk) oor die werk van Hefsiba ('n Christelik Hoër Onderwys Instituut) in Mosambiek.**

**Vrydag 18 September 2026 | 10:00 - 12:00**

**TYD-Kuierruimte by Kleinmondkerk  
Vierdelaan 67**

Laat weet ons dat jy die geleentheid gaan bywoon ter wille van verversings, deur 'n WhatsApp te stuur na 076 134 7157 teen Maandag 14 September 2026 om 12:00



# Geloofsvorming



Kogelberg  
Kids



13 September 2026



17:00



Kerksaal

Behoort | Bid | Leer | Dien

## 1 & 2 Oktober

# JEUGKAMP

1-2 Oktober

@ Kleinmond Kampterrein



# Dinsdag



## Ons Gebedsgroep

doen elke Dinsdag voorbidding vir die gemeente en gemeenskap



Hangklip om 09:00  
Gerimed om 11:00  
Kleinmond om 16:30



## Eiendomsbediening

vergader Dinsdag 15 September om 15:00



# Dinsdag



**Finansies**  
Dinsdag 15 September  
om 17:00  
TYD-kuier ruimte

# Woensdag



**Rusplek**  
Woensdag 16 September  
Kapel om 18:00

# Woensdag



*Dissipelskap Reisgenote*

Woensdae  
17:00@ Hangklipkerk  
18:30 @ Kleinmondkerk

# Donderdag



 *Kogelberg Mannegroepe*

Donderdae  
06:00 Hangklipkerk  
06:30 Kleinmondkerk

# Naaldekokers



BREI • HEKEL • KUIER • KOFFIE • VRIENDSKAP



*Kreatief wees. Verbind. Ontspan.* ♥



GEMEENSAP & LEER



DEEL IDEES & INSPIRASIE



ONTSPAN & GENIET



SAAM KUIER, SAAM SKEP



ELKE DONDERDAG  
(VANAF 3 SEPTEMBER 2026)  
10-12 UUR  
♥ TYD ♥



Alle vlakke  
welkom



Koffie & tee  
beskikbaar



Bring jou eie  
projekte



Vriendelik  
& ondersteunend

*Kom maak, lag en skep saam met ons!* ♥




Navrae: Kontak gerus vir meer inligting

**084 4093025**



Uit die  
**BEEK**  
365 dagstukkies 2027



STEPHAN JOUBERT

## Uit die Beek 2027

Bestel en betaal teen  
**25 September** en jy spaar R30!  
Kontak Elizna by die  
Kerkkantoor.

**Slegs R250!**

**Maandag**  
**14 September**

15:00  
**Sc1-4**  
Sonja Viljoen  
Tweede Laan 11

15:00  
**PM3**  
Daleen Swart  
Palmietweg 70

15:00  
**Bb1-4**  
Bessie vd Walt  
Tiendestraat 34

**Dinsdag**  
**15 September**

13:00  
**Sa3**  
Joan Marnewick  
Eerste Laan 111

11:00  
**Kogelpark**  
Biblioteeksaal

*Kleinmond*  
*Vrouebybelstudie*

**Woensdag**  
**16 September**

10:00  
**HK 3**  
Elsabé Smit  
Irislaan 3

10:00  
**Ba1-3**  
Ita le Roux  
7de Straat 57

15:00  
**KB5**  
Beatrice Joubert  
Boekenhoutlaan 11

15:00  
**Sb1-2**  
Susan Human  
Tweede Laan 104



Kom help  
ons maak  
'n verskil!

19 September

# INTERNATIONAL COASTAL CLEANUP

CLEANER COASTS • HEALTHIER OCEANS • A BRIGHTER FUTURE



Kleinmond Hoofstrand ≈



**Waar:**

Hoofstrand van Kleinmond.



**Bymekaarkomplek:**

Parkeerarea, hoofstrand aan die  
einde van 5de laan.



**Onthou:**

Sakke, handskoene en steekpenne  
word verskaf. Bring waterskoene  
as julle het.

Hoop om almal  
daar te sien!



INTERNATIONAL  
COASTAL  
CLEANUP





# NG KOGELBERG

*bied aan*

# ERFENISDAG BRAAIFEES

BRAAIVLEIS • LEKKER MUSIEK • KUIER SAAM



## 24 SEPTEMBER



## 12:00 – 15:00



## NG KERKSAAL

1ste Laan 26, Kleinmond

*Kom  
kuiersaam!*



**BOEREWORSROLLE**



**ROOSTERKOEKE**



**SOSATIES**



**SNOEK & SOET PATATS**



**POTJIEKOS**

**GRATIS**



**KONDENSMELK-KOFFIE**



**SOETIGHEID**

|                             |               |
|-----------------------------|---------------|
| Snoek & Soet Patats         | R50           |
| Potjiekos-ete               | R80           |
| Hoender-sosatie             | R30           |
| Boereworsrol                | R35           |
| Roosterkoek (gewoon)        | R10           |
| Roosterkoek (konfyt)        | R15           |
| Roosterkoek (kaas & konfyt) | R20           |
| Soetigheid (per item)       | R10           |
| Koffie of Tee               | <b>Gratis</b> |
| Water                       | R10           |
| Gemmerbier                  | R15           |
| Lemonade                    | R15           |
| Rooibos-ystee               | R15           |

**BRAAIFEES**  
**ERFENISDAG**

24 SEPTEMBER



# TEGNOLOGIE *hulp* SONDAG



**20 SEPTEMBER**

DIREK NA DIE EREDIENS

*in Kafeh (Hangklipkerk)*



HET JY HULP NODIG  
MET **SNAPSCAN**,  
**WHATSAPP** OF  
ENIGE IETS ANDERS  
OP JOU SLIMFOON?



SnapScan



WhatsApp



Enige iets  
anders

*Kom drink saam 'n koffie*  
en ons help jou graag.



ONTHOU OM JOU  
**SELFOON** ASOOK  
JOU **BANKKAART**  
(VIR SNAPSCAN) SAAM TE BRING.



• *Ons sien uit daarna om jou te help!* ♥ •

**VGK KLEINMOND**

# **WIT OLIFANT** *Tafel*

Het jy items wat jy graag  
wil skenk? Kontak gerus vir  
ds. Anthony (071 829 7703)  
of ds. Carl (082 908 9825)



## *Kan jy help?*

*Ons is op soek na Suid-Afrikaanse vlae,  
springbokvlae, baniere, tafeldoeke en enige ander  
dekor-items. Ons wil graag hierdie items leen vir die*

*Erfenisdag Braaifees.*

*Items kan by die Kerkkantoor afgelaai word.*

## *Dankie*



# *Hangklip*

# **KUIERBASAAR**

## **7 NOVEMBER**

**09:30**

**-13:00**



**Ons het vrywilligers nodig om te help.  
Gee jou naam op by Reinier 082 883 1135.**

'n Avontuur vir die hele familie.



# NGK KOGELBERG JEUG- en FAMILIEKAMP

1 & 2 OKTOBER

Aktiwiteite en vermaak vir die jeug  
gedurende die dag (08:00–17:00).

Volwassenes sluit aan by die  
aandprogram & kamp ook saam  
met die kinders as familie.

**INFO/  
REËLS**

**R200**

per kind per dag

**KLEINMOND  
KARAVANPARK**

**Tentstaanplek  
R420/nag**

\*4 persone

- Die aktiwiteite en aanbiedinge fokus op Leerders 10 tot 17 jaar.
- Kinders slaap by hul ouers/ grootouers in hul eie tent/ karavaan.
- Ouers/ grootouers is verantwoordelik vir die kinders na afloop van die dagprogram (08:00–17:00).
- Dagbesoekers (indien kinders se ouers nie saam kamp nie) is ook welkom vanaf 08:00 tot 17:00.
- Dagbesoeker (volwassenes & kinders) is welkom om Donderdagaand se spesiale program by te woon vanaf 18:00 tot 21:00.
- Families is verantwoordelik vir hul eie aandete Vrydagaand (ons gaan braai) en ontbyt Saterdagoggend.
- Bring saam: klere (onthou jou baadjie en swembroek), badtassie, handdoek, stapskoene, warm beddegoed, eetgerei en 'n flits.
- Geen selfone word gedurende die dagprogram toegelaat nie.

Navrae: [info@ngkogelberg.co.za](mailto:info@ngkogelberg.co.za)

Bespreek jou plek ➡



**Guelph Teater, Kleinmond**  
**in samewerking met NG Gemeente Kogelberg**

**bied aan**

**DF-KOOR**  
**2026**



**DF-gemengde koor kom see toe**

Die beste gemengde koor soos pas aangewys by die ATKV Applous kom kuier in Kleinmond, onder leiding van die alambekende dirigent, Jade Paige. Kom vier saam met ons. MUSIEK!

**Cantare Mannekoor**  
**In Harmonie Dames Ensemble**  
**Mannekwartet "Fier"**

**20 September 2026**

15:30 vir 16:00

**NG Kerk, 4e Laan, Kleinmond**  
R50pp betaalbaar by deur



# Veels geluk...

## Saterdag 12 September

Hanro Blomerus 084 873 7000 (KB1)  
Hestè Groenewald 072 265 9829 (HK2)  
Marlene Koen 082 357 2047 (Ba1b)  
Hannes Singleton 083 448 2682 (Bb4)  
Petro Swart 082 731 2824 (BB3)

## Sondag 13 September

Ita Le Roux (Ba3)  
Maxie Steyn 082 920 6625 (Sa4)  
Marietjie van Staden 083 327 0118 (Sa2)

## Maandag 14 September

Mariana Botha 072 126 9713 (PM4)  
Gail Bruyns 083 256 4414 (KB2)  
Alet Engelbrecht 071 219 0309 (HK3)  
Lezinda Esterhuyse 079 471 8361 (Bb4)  
Kobus Maré 083 564 3380 (Sa4)  
Friedel Meisenholl 082 781 5372 (BB2)  
Helma Potgieter 082 443 2292 (KB2)  
Shari Stander (PM5)

## Dinsdag 15 September

Carla Hattingh 025 285 1981 (BB5)  
Linda le Roux 082 895 0870 (BB6)  
Annieria Mcfarlane 079 531 4377 (KP1)

## Woensdag 16 September

Esther Conradie 083 374 0269 (Sc2)  
Susan Downing 082 220 0263 (Ba2)  
Lindie Joubert 083 702 0013 (KB1)  
Nicole Wilson 079 876 2562 (Ba1a)

## Donderdag 17 September

Annette Blomerus 084 951 7139 (KB1)  
Ruben Brits (Bb2)  
Wendie Burger 082 795 4036 (PB2c)  
Onah de Stadler 083 402 6642 (KB2)  
Johan du Plessis 079 876 1351 (Ba2)  
Carina du Toit 083 414 6909 (KB2)  
Lorraine Pretorius 082 781 3623 (Sa1)  
Pauline Roux 082 590 9754 (Ba2)  
Beulah Schmidt 061 252 6767 (Bb1)

## Vrydag 18 September

Izak Boonzaaier (KB1)  
Mia Boonzaaier (KB1)  
Evelyn Ferreira 082 885 9845 (KB1)  
André Ferreira 082 905 9277 (PM3)  
Louis Fourie 082 801 5500 (PM3)  
Rosandra Linde 083 786 4813 (Ba2)  
Alma Pentz 082 384 8539 (Ba1a)  
Danika Singleton 073 104 9880 (Bb4)



# Water wat lewe gee in oorvloed

## Esegiel 47:1-12

### 1. Gesels bietjie saam...

- Wanneer jy aan water dink, wat is die eerste ding wat by jou opkom?
- Waar in ons omgewing sien jy die verskil wat water kan maak?
- Het jy al ooit gesien hoe 'n droë plek verander nadat daar goeie reën geval het? Veruidelik wat het gebeur.
- Wat dink jy sou met 'n gemeenskap gebeur as daar vir 'n lang tyd nie genoeg skoon water was nie?

### 2. Ons storie nou...

- Ons gebruik water elke dag, maar dink dikwels nie daaroor nie. Waarvoor gebruik ons water sonder om regtig te besef hoe afhanklik ons daarvan is?
- Ons individuele keuses lyk soms klein: hoeveel water ons gebruik, wat ons weggooi, hoe ons met die natuur omgaan. Watter impak kan klein keuses van baie mense saam hê?
- Waar sien jy reeds mense wat deur klein, eenvoudige optrede 'n positiewe invloed op hulle omgewing het?
- Dink aan die water wat deur jou huis gebruik word. Waar kom dit vandaan, en waarheen gaan dit nadat jy dit gebruik het?

### 3. God se storie...

Lees Esegiël 47:1-12 as groep saam uit twee of drie verskillende vertalings.

Verken die teks aan die hand van die volgende vrae:

- Die water begin klein, maar word al hoe dieper: enkels, knieë, heupe en uiteindelik 'n rivier wat nie deurgegaan kan word nie. Wat dink jy wil hierdie beweging vir ons sê?
- Die rivier vloei weg van die tempel af, deur die land en uiteindelik na die Dooie See. Wat sê dit vir ons oor die beweging van God se lewe?
- Kyk na vers 9-12. Wat gebeur met die omgewing waar die rivier kom? Wat gebeur met die visse, vissers, bome en vrugte?
- Waarom dink jy vertel Esegiël nie net dat die water mense help nie, maar dat dit 'n hele omgewing verander?
- Die rivier verander die plek waardeur dit vloei. Wat dink jy beteken dit vir ons as gelowiges dat God se lewe ook deur ons na ander mense en ons omgewing behoort te vloei?

### 4. Hoe die Bybel ons storie verander...

- As Esegiël vra: "Wat leef waar die rivier kom?", hoe sou jy daardie vraag op jou eie lewe toepas?
- Wat is een plek in jou huis, werk, gemeente of gemeenskap waar jy graag meer lewe, hoop of herstel wil sien?
- Hoe kan ons as individue verantwoordelik leef teenoor water en die omgewing, sonder om te dink dat ons klein optrede geen verskil maak nie?

- Waar kan jy hierdie week iets doen wat lewe eerder as skade bring – vir ’n mens, ’n gemeenskap of die omgewing?
- Is daar iets wat jy tans van die wêreld rondom jou neem, maar waarvan jy kan begin vra: “Hoe kan ek ook iets teruggee?”
- As ’n gemeente sou ons sê: “Waar ons kom, behoort daar meer lewe te wees.” Hoe sou dit prakties lyk?
- Wie of wat in jou onmiddellike omgewing het hierdie week nodig dat God se “lewende water” deur jou liefde, tyd, sorg of optrede vloei?

### **5. Sluit af met geleentheid vir gebed...**

Kom ons bid saam dat God ons leer om naby die Bron van lewe te bly.

Bid dat ons nie net sal vra wat ons uit God, mense en die skepping kan ontvang nie, maar ook hoe sy lewe deur ons kan vloei.

Bid vir wysheid om verantwoordelik met water en die omgewing om te gaan, vir die moed om klein dinge anders te doen, en vir oë om raak te sien waar mense, gemeenskappe en die skepping droog, gebroke of sonder hoop geword het.

Mag ons lewens soos die rivier in Esegïel 47 wees:

waar ons kom, kom daar lewe.

### **6. Lees verder saam die week...**

- Maandag - Eks 14:19-31;
- Dinsdag - Gen 50:15-21;
- Woensdag - Rom 14:1-12;
- Donderdag - Matt 18:21-35
- Vrydag - Gen. 1:27-31